# Solidariteit Beweging

# Jaarverslag 2017



## Jaarverslagspan 2017

| | |
|---|---|
| Samestelling: | Francois Redelinghuys |
| | Lize-Mari Labuschagne |
| | Mia Slabbert |
| | Reon Janse van Rensburg |
| | Wilmarie Brits |
| Taalversorging: | Alta van Niekerk |
| | Christa Meyer |
| | Doreen Swart |
| | Salome Coertze |
| Uitleg en ontwerp: | Ansie van Niekerk |
| Foto's: | Rozier van Tonder |

# Inhoudsopgawe


## Solidariteit

**Dr. Dirk Hermann** bl. 3
Bestuurshoof van Solidariteit

**Gideon du Plessis** bl. 14
Hoofsekretaris van Solidariteit

**Appie Pienaar** bl. 17
Adjunkbestuurshoof

**Johan Kruger** bl. 21
Adjunkbestuurshoof

**Dawid Durie** bl. 30
Adjunkbestuurshoof

## Solidariteit Beweging

**Flip Buys** bl. 1
Voorsitter van die Solidariteit Beweging

**Kallie Kriel** bl. 35
Uitvoerende Hoof: AfriForum

**Danie Brink** bl. 38
Besturende Direkteur: Solidariteit Helpende Hand

**Susan Lombaard** bl. 40
Uitvoerende Hoof: Maroela Media

**Tjaart vd Westhuizen** bl. 43
Voositter: Solidariteit Finansiële Dienste

**Marthinus Visser** bl. 46
Besturende Direkteur: Akademia

**Paul van Deventer** bl. 49
Besturende Direkteur: Sol-Tech

**Alana Bailey** bl. 53
Uitvoerende Hoof: Kraal Uitgewers

**Dr. Danie Langner** bl. 56
Besturende Direkteur: FAK



# 01

~ Flip Buys ~

# 01
## Jou ledegeld het in 2017 aan 'n toekoms help bou

Werkende mense betaal maandeliks duisende rande aan belasting vir die regering sonder om genoeg waarde vir hul swaarverdiende geld te kry. Daarteenoor is Solidariteit se ledegeld van net meer as 'n honderd rand per maand 'n breukdeel hiervan en boonop wil ons waarde vir hul geld aan ons lede bied. Vergelyk gerus alles wat Solidariteit met jou maandelikse **R120** regkry, met die waarde wat jy vir jou belasting of vir enige ander produk of diens kry.

Solidariteit is 'n Helpmekaar-organisasie waar lede mekaar help om **"steen vir steen"** aan 'n toekoms te bou. Kom ons kyk na die boustene wat die vakbond vir hierdie bouplan gebruik, want dit is waarvoor ons lede se ledegeld aangewend word.

1. Werkplek
2. Byvoordele
3. Helpende Hand Studiefonds steek R150 miljoen-mylpaal verby
4. Sol-Tech
5. Akademia
6. Helpende Hand raak die lewens van bykans 500 000 kinders
7. Gelyke geleenthede
8. Waghondrol
9. Maroela Media
10. PretoriaFM
11. Christelike waardes
12. Afrikaans, geskiedenis en erfenis-bewaring
13. Solidariteit Beweging skep 'n toekoms

Dit alles is net moontlik omdat Solidariteit 'n helpmekaarorganisasie is, met ons bestaansrede om ons gemeenskap te dien. Alles en meer word teruggeploeg in ons lede en gemeenskap.Ons is deurlopend met die ontwikkeling van bykomende dienste besig, met die doel om lede met hul werk, loopbane en lewenswelstand te help.



# 02

~ Dr. Dirk Hermann ~

# 02
## In onsekere tye beskerm Solidariteit

Die afgelope jaar was 'n moeilike jaar. Die Zuma-effek het 'n hoogtepunt bereik. Staatskaping en korrupsie is geïnstitusionaliseer en het deel van ons lewens geword. Misdaadvlakke was weer hoog en plaasmoorde het die gemeenskap geruk. Dit was die jaar van ekonomiese afgradering na rommelstatus.

Al die voorafgaande dinge en talle ander gebeure het groot onsekerheid vir Solidariteit-lede meegebring. Dit is in tye van onsekerheid dat 'n organisasie soos Solidariteit tot sy reg kom. Solidariteit se taak is om 'n veilige plek vir sy lede en die gemeenskap te skep. Waar ander breek, bou ons aan 'n toekoms waarin ons en ons kinders vry, veilig en voorspoedig kan wees.

Hierdie jaarverslag is Solidariteit se 2017-bourapport. Ons kan met trots sê dat dit 'n goeie rapport is. Die verslag is egter ook 'n geleentheid om dankie te sê. Solidariteit is 'n vrywillige gemeenskapsorganisasie. Gedurende die afgelope jaar het elkeen van sy sowat 180 000 lede sy of haar deel gedoen om aan die groter Solidariteit-plan te bou. Honderde verteenwoordigers in verskillende werkplekke doen onbaatsugtige werk om hul medewerknemers te help.

Laastens dwing 'n verslag soos hierdie een ons om in nederigheid ons dankbaarheid vir die seën van ons Hemelse Vader te betuig. Al is alles onseker, is Sy teenwoordigheid vir ons seker.

# Metaal- en Ingenieursbedryf

*Deur Marius Croucamp, adjunkhoofsekretaris*

Solidariteit se metaal- en ingenieursbedryf, het op alle fronte in die industrie goed presteer en daadwerklik opgetree om die belange van sy lede te beskerm.

**Hoogtepunte van 2017**

- Die vakbond het geslaag met 'n historiese aansoek om die Bedingingsraad vir die Metaal- en Ingenieursbedryf (MEIBC) onder administrasie te plaas.
- Highveld Steel in Emalahleni het op 6 Junie 2017 'n gedeelte van die aanleg weer permanent in bedryf gestel, en meer as 200 mense weer in diens geneem.
- Die "Steun Ons Staal"-veldtog (SOS) is in 2017 van stapel gestuur.
    - 18 skakeltoere ("roadshows") is in 2017 aangebied.
    - 370 lede en werknemers is toegespreek.
    - Ons het 'n uitnodiging van die regering ontvang om in die ITAC-staalkomitee te dien.

**Loononderhandelinge**

• Bedingingsraad vir die Metaal- en Ingenieursbedryf (MEIBC)

Driejaar-loonooreenkoms met 'n jaarlikse verhoging van 7%, 6,75% en 6,5% afhangend van die werknemer se posvlak is onderteken.

• Federasie van Staal- en Ingenieursbedrywe van Suid-Afrika (SEIFSA)

Die driejaar-loonooreenkoms is met SEIFSA onderteken.

• Nuwebande-sektor

Driejaarooreenkoms met 'n 8-10% verhoging vir lede is onderteken.

• South32

Driejaarooreenkoms met 'n 7% jaar-tot-jaar verhoging asook jaarlikse toenemende mediese dekking is onderteken. Die ooreenkoms sluit ook 'n kontantuitbetaling van R20 000 voor belasitng in.

**Afleggings**

Solidariteit het daarin geslaag om die 189A-afleggingskennisgewing by General Motors asook by ArcelorMittal Suid-Afrika suksesvol te hanteer.

# Professionele Bedryf

*Deur Johan Botha, adjunkhoofsekretaris*

**Finansiële, Tersiêre en Algemene Sektor**

Die finansiële, tersiêre en algemene sektor (FTA) het in 2017 op verskeie fronte sukses behaal ten spyte van die uitdagings wat die hoof gebied moes word.

- **Unisa** 'n Beskermingsbevel is teen die omstrede dosent, Bennie Morota, bekom nadat Morota 'n veldtog teen prof. Melodie Labuschaigne, 'n lid van Solidariteit, gevoer het dat sy nie as dekaan mag waarneem en/of dat haar kontrak nie verleng word nie omdat sy wit is.
- **Landbounavorsingsraad (LNR)**
  Te midde van geweldige finansiële druk het Solidariteit 'n R12,5 miljoen-skikking vir ons lede beding waarvolgens salarisse aangepas sal word om meer markverwant te wees.
- **Mediese Sektor**
  Onderhandelinge in dié sektor was baie suksesvol. 'n Totale skikking ter waarde van R420 686,95 is vir lede in die sektor beding. Verder is 'n gemiddelde salarisverhoging van 6% vir lede beding.
- **Inligting-, Kommunikasie- en Tegnologiesektor**
  <u>A. Telkom</u>

  - Solidariteit het geslaag met 'n arbitrasietoekenning teen Telkom waarvolgens alle werknemers geregtig is op regstellings op verhogings terugwerkend vanaf April 2017.

  - Telkom het in 2017 die erkenningsdrempel vir alle vakbonde binne Telkom vanaf 10% na 30% gewysig. Solidariteit kon egter wel slaag om die inwerkingtredingsdatum uitgestel te kry.

  <u>B. BCX</u>

  - Solidariteit kon daarin slaag om as enigste erkende vakbond by BCX aan te bly nadat Telkom verskeie afdelings na BCX uitgefaseer het.

# Solidariteit Arbeidsverhoudinge - BGV-afdeling

*Deur Paul Mardon, adjunkhoofsekretaris*


## 2017-statistieke

| BAD / BGV-lêers | |
|---|---|
| Op 1/01/2017: | 901 |
| Op 31/12/2017: | 968 (161 lêers per eisebeampte) |
| Lêers gesluit 2017: | 100 |
| Nuwe lêers: | 167 |
| Netto groei: | 67 |

| Operasionele Aktiwiteite | |
|---|---|
| Konsultasies: | 1 690 |
| Vergaderings: | 925 |
| BAD-besoeke (Vergoedingskommissaris): | 346 |
| Korrespondensie (In): | 66 899 |
| Korrespondensie (Uit): | 33 338 |
| Telefoonoproepe (In): | 6 262 |
| Telefoonoproepe (Uit): | 5 569 |
| BGV-litigasie (Ure): | 1 045 |
| BAD / BGV-menings (Informeel): | 4 155 |
| BAD / BGV-menings (Formeel): | 603 |
| Hulp aan bedrywe / Solidariteit Beweging: | 1 663 |
| Seminare en Kongresse: | 153 |
| Mediaskakeling: | 16 |
| Ander: | 1 838 |
| BGV-opleiding (Ure): | 134 |
| **Totaal:** | **124 636** |

# Solidariteit Arbeidsverhoudinge - BAD-afdeling

*Deur Paul Mardon, adjunkhoofsekretaris*




**Strategiese doelwitte gedurende 2017 bereik:**

- Die Regsbeamptes het 'n totaal van 1 045 werkure bestee. Solidariteit-lede het in hierdie verband 'n gemiddelde voordeel van R3 135 000 in regskoste ontvang.
- Solidariteit is weereens op industrievlak bewys as 'n geloofwaardige deelnemer op die BGV-gebied.
- Die BGV-afdeling het aktief deelgeneem aan en selfs 'n leidende rol gespeel in vergaderings van die Departement van Arbeid se Gesondheid- en Veiligheidskomitee vir Yster en Staal ten aansien van BGV-opleiding.

<u>Hoogtepunte vir 2017 sluit die volgende in:</u>

- Deelname aan twee vergaderings met onderskeidelik die DMR en MHSC en 'n Nigeriese afvaardiging om ondersoek in te stel na SA se benadering tot en aktiwiteite ten aansien van BGV in myne.
- Betrokkenheid by die Anglo American-intergeloofwerkgroep oor opheffingstappe in die land.
- Verteenwoordig van Consawu en Solidariteit by die Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO) "ITUC Women's Leadership Gender Academy Forum".
- Hanlie van Vuuren het sedert September 2017 aktief deelgeneem aan die program Fokus op SABC 2.

# Energie, Verdediging en Lugvaart

*Deur Deon Reyneke, adjunkhoofsekretaris*

## 1. Chemiese sektor

Die span kon daarin slaag om ondanks baie uitdagende makro-ekonomiese omstandighede goeie verhoudings met werkgewers in stand te hou.

- Onderhandelinge

Solidariteit het 'n gemiddelde loonverhoging van 7,5% vir lede in die chemiese sektor te beding.

- Sasol Khanyisa

Solidariteit is in 'n dispuut met Sasol oor hul nuwe bemagtigingstransaksie wat beoog om wit Sasol-werknemers op grond van hul ras uit te sluit.

## 2. Elektries

In die elektriese sektor kan 2017 as 'n suksesvolle jaar beskryf word; daar was stabiliteit in die werkplek met geen dreigende afleggings nie.

- Solidariteit het tans 7 384 lede in dié sektor en kon daarin slaag om R1,6 miljoen se arbitrasietoekennings namens lede te kry.

- Eskom-onderhandelinge:
  - 'n 8,5% verhoging met die verbetering van sekere diensvoorwaardes is namens ons lede onderteken.
  - 325 lede is tydens 2017 gewerf

## 3. Denel, Krygkor en Lugvaart

- Onderhandelinge:
  - Solidariteit kon daarin slaag om gunstige loonooreenkomste met 6 maatskappye en instellings te sluit, met verhogingings wat wissel tussen 5% en 7,8%.
  - Suksesvolle skikkings van meer as R 1,2 miljoen is vanjaar namens lede in die sektor beding.
  - 'n Skikking van R30 miljoen is verkry vir Mango se salarisgeskil van 2016.

- Werwing
  - Lugvaart: 296 nuwe lede is tydens 2017 gewerf
  - Verdediging: 251 nuwe lede is tydens 2017 gewerf






# Mynbou, Landbou en Sement

*Deur Connie Prinsloo, adjunkhoofsekretaris*






Vir die Mynbou-, Landbou- en Sementbedryf (MLS) het 2017 met die gewraakte nuwe Mynbouhandves begin. Ten spyte van die talle herstruktureringsprosesse by maatskappye en afleggings in mynbou was 2017 egter ook 'n jaar wat groot oorwinnings en suksesse opgelewer het. Die MLS-bedryf kon daarin slaag om verskeie nuwe of heronderhandelde erkenningsooreenkomste te beding wat lede se kollektiewe regte en diensvoorwaardes verbeter en beskerm.

- Skikkings en toekennings by die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) het R11 498 330,00 in 2017 uitbetaal.
- Solidariteit het daarin geslaag om gunstige loonooreenkomste met 12 maatskappye en instellings, met 'n gemiddelde verhoging van 7,5% in die bedryf te sluit.
- Sewe erkenningsooreenkomste is tydens 2017 met verskeie maatskappye en instellings beding/herbeding.
- MLS kon daarin slaag om gedwonge afleggings tydens 2017 goed te beperk. By die meeste maatskappye waar afleggings plaasgevind het, was daar geen gedwonge afleggings van Solidariteit-lede nie.
- Groei in die MLS-bedryf in 2017
  Mynbou: 5,3% positiewe groei vergeleke met 2016
  Landbou: 17,7% positiewe groei vergeleke met 2016
  Sement: 6,57% positiewe groei vergeleke met 2016

# Individuele lede, Ledediens en Dienssentrum

*Deur Engela Dibley, adjunkhoofsekretaris*

## Gefokusde ledediens

### Individuele lede

- Die afgelope jaar is 1 287 sake geopen.
- Altesaam 18 731 arbeidsregnavrae is deur die regsafdeling, dienssentrum en dienskantore hanteer.

### Ledetevredenheidsindeks:

'n Peiling is gehou om vas te stel of lede meer, minder of ewe tevrede is met Solidariteit se diens as 'n jaar gelede.

'n Totaal van 25% meer lede het aangedui dat hulle nog meer tevrede is met Solidariteit se diens as wat die geval in 'n soortgelyke peiling in 2015 was.






# Individuele lede, Ledediens en Dienssentrum

*Deur Engela Dibley, adjunkhoofsekretaris*

**Hoe tevrede is jy met wat Solidariteit reeds ten opsigte van werksbeskerming doen?**

Die gemiddelde telling was 83%, waarvan 80% van die lede 'n punt van meer as 8 uit 10 toegeken het.

Behoud:
- Altesaam 95,5% van die lede sien hulself oor 12 maande nog as lid van Solidariteit.
- 'n Volle 95,7% sál Solidariteit by vriende en kollegas aanbeveel.
- 'n Totaal van 90,7% hét Solidariteit al aanbeveel.



# Spesiale Projekte

*Deur Schalk de Bruin, hoof*

'n Oorsig van belangrike bedrywighede in die openbare sektor vir die tydperk Januarie tot Desember 2017.

**1. SAPD**

<u>Oud-MK-bevorderings</u>

Die SAPD poog om 1 400 oud-MK-lede in senior SAPD-poste te bevorder sonder vakatures op die diensstaat.

Solidariteit beskou dit as onwettig op verskeie vlakke en het in 2017 die arbeidshof op 'n dringende grondslag genader om alle inligting rakende die projek te bekom met die oog daarop om die bevorderings onwettig te verklaar.

<u>Vals rassisme- en artikel 60-aksies</u>

Verskeie voorvalle van vals rassisme-klagte is in 2017 aanhangig gemaak (soortgelyk aan die gevalle Oosthuizen, Van Zijl, Enrico en Oudtshoorn).

Solidariteit sal die sake in die KVBA en die arbeidshof hard dryf kragtens 'n artikel 60-aansoek.

<u>SDPF (GEPF)</u>

Verskeie sake is in 2017 namens lede aanhangig gemaak en word nog gedryf:

- Skoonbreukbeginsel
- Eensydige wysiging van kommitteringsfaktore.
- Inligting rakende beleggings van die OBK met betrekking tot staatskaping.
- Instel van strafregtelike klagte teen Malusi Gigaba vir myneed.

<u>Ander:</u>

- Artikel 21-aansoek
- Diensplig-erkenning
- Kollektiewe geskille – AO 2de Been- en Posvlak 6-bevorderings

**2. Openbare sektor**

<u>Onderwys</u>

Gegewe die betrokkenheid van die Solidariteit Beweging by onderwys asook die verskeie hofsake wat namens skole gedryf is, het ons waargeneem dat baie onderwysers spontaan by Solidariteit aangesluit het.



# 03

~ Gideon du Plessis ~

# 03
## Arbeidsverhoudinge

Die rimpeleffek van die Marikana-gebeure in 2012 was steeds sigbaar in arbeidsverhoudinge vyf jaar late in 2017. So is die South African Federation of Trade Unions die afgelope jaar as deel van die Marikana-nalatenskap gestig. Dié federasie se leierskap, wat in hoofsaak bestaan uit Zwelinzima Vavi (as Saftu se hoofsekretaris) en Irvin Jim (wat Numsa se hoofsekretaris is), het talle gesprekke met Solidariteit gevoer met die oog daarop dat Solidariteit deel word van die federasie. Ideologiese en ander verskille het dit egter vir Solidariteit onmoontlik gemaak om by die federasie aan te sluit. Solidariteit het egter verkennende gesprekke met vakbondgroeperinge in die Wes-Kaap en met die vakbond, Saewa, te voer met die doel om 'n nuwe federasie van die grond te bring. Dié inisiatief sal in 2018 voortgesit word.

Die toename in dispute rondom verteenwoordigingsdrempels in veral die mynbedryf, waar die ondemokratiese wenner-neem-alles-beginsel weer stukrag gekry het, was ongelukkig nog 'n Marikana-nalatenskap.

Druk op die sentrale kollektiewe bedingingsbeginsel is ook aan die toeneem en in die mynbousektor was dit werkgewers wat die aanvoerwerk gedoen het om na onderhandelinge op werkvloervlak terug te keer.

Hierdie desentralisasieverwikkelinge by die Kamer van Mynwese het die National Union of Mineworkers (Num) warm onder die kraag gehad omrede die kamer se steenkool-onderhandelinge een van die Num se groot magsvertoonplatforms was en veral belangrik was nadat hul aartsvyand, Amcu, nie meer erkenning in die steenkoolsektor geniet nie.

’n Positiewe wending wat na Marikana terugherleibaar is, was die afname in die voorkoms van lang en gewelddadige stakings wat die Suid-Afrikaanse ekonomie die afgelope paar jaar geteister het. Benewens die afwesigheid van stakings het die mynbousektor weer uitgestaan as die sektor waar die meeste poste verlore gegaan het.

Solidariteit se landswye verteenwoordigertoer het weer in 2017 plaasgevind en besoek is gebring aan verteenwoordigers in alle streke. Verteenwoordigers is met kennis oor die vakbond se hoofstroom-inisiatiewe bemagtig. Terselfdertyd is hul strategiese onderhandelingsvaardighede as een van verteenwoordigers se kernfunksies tydens toeligtingsessies opgeskerp.

Daar is ook in 2017 hard gewerk by Nedlac om ’n minimum loon en wysigings aan arbeidswetgewing oor stakings te beding – alles om die kredietgraderingsagentskappe te paai. Die minimum loon kan egter baie negatiewe gevolge vir werkskepping inhou.

Dit was betekenisvol dat die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) Solidariteit na twee van hul strategiese werkswinkels genooi het om insette van Solidariteit te kry oor die voorkoming van afleggings en om te verneem wat Solidariteit voorstel om die KVBA se fasiliteringsrol tydens artikel 189A-prosesse te verbeter.





04

~ Appie Piernaar ~

# 04
## Finansies en Personeelbestuur en -ontwikkeling

Solidariteit kan aan die einde van 2017 met dankbaarheid terugkyk op 'n jaar waarin ons voortgebou het op die finansiële sukses van die afgelope paar jaar. Ons het weereens daarin geslaag om ons balansstaat beduidend te versterk sonder om die beginsel van bekostigbare, waarde-vir-geld-ledegeld prys te gee.

Die Boufonds het weer 'n belangrike bydrae gelewer om te verseker dat ons nuwe instellings versterk en uitgebou kon word. Opleidingsinstellings soos ons privaat Afrikaanse universiteit, Akademia, en ons beroepsopleidingsinstelling, Sol-Tech, het beduidende finansiële ondersteuning vanuit die Boufonds ontvang en gaan van krag tot krag. Voorts het die Solidariteit Boufonds in vennootskap met AfriForum, Helpende Hand en Dagbreek Trust belangrike Afrikaanse kultuurinisiatiewe soos die FAK, Pretoria FM en Kraal Uitgewers bly ondersteun en verskaf finansiering aan Maroela Media om Afrikaans te bevorder.

Die Personeelbestuur en -ontwikkelingsafdeling het hulle baie goed van hul taak gekwyt om personeelwelstand te verseker te midde van die eise wat 'n tipiese werksdag binne die vakbond-omgewing aan ons personeel stel.

# Finansies

*Deur Anneri de Jager, afdelingshoof*

Tydens die oudit van die 2017- finansiële jaar kyk ons met 'n dankbare hart terug na die jaar wat verby is - dankbaar dat 178 000 lede steeds hulle vertroue in Solidariteit en die Boufonds en Regsfonds stel om vir hul werk en hul taal te veg. Die ongekwalifiseerde ouditverslag het bevestig dat ons lede se vertroue in Solidariteit geregverdig is.

Elkeen in Solidariteit het 'n besonderse bydrae gelewer om deur middel van besparing, ledewerwing en goeie ledediens gesonde finansies te verseker.

Uit die Regsfonds het ons meer as R5 miljoen aan sake van openbare belang spandeer, wat ons lede se regte as Suid-Afrikaners beskerm. Solidariteit en die Boufonds het ongeveer R8 miljoen belê in die Solidariteit Studiefonds wat deur Solidariteit Helpende Hand geadministreer word.

Aandelebeleggings se prestasie was goed in 2017 met opbrengste van tussen 6% en 14,5%.

Die afdeling Finansies se personeel word in besonder bedank vir hul noukeurigheid en voortgesette harde werk in 2017, wat 'n belangrike rol speel in die suksesvolle bestuur van Solidariteit se finansies.



# Personeelbestuur

*Deur Anneri Leach, afdelingshoof*

Gedurende 2017 het die afdeling: Personeelbestuur en -ontwikkeling ernstig klem gelê op opleiding en ontwikkeling.

Solidariteit kon gedurende 2017, 22 personeellede bystaan met hulle tersiêre studies. 17 personeellede het hulle tersiêre studies in 2017 voltooi waaronder 5 van hulle Projekbestuur-studies aan Akademia voltooi het.

Verder het personeel aan webinare (12), seminare (28), werkswinkels (14), kort kursusse (35) en konferensies (5) deelgeneem. Hierdie opleiding is nie net vir persoonlike ontwikkeling nie, maar ook om te verseker dat personeel op hoogte bly van veranderinge in die werksomgewing.









Daar het 37 nuwe personeellede by die vakbond aangesluit, 10 personeellede is binne Solidariteit in nuwe poste aangestel of bevorder en 7 het aanbeweeg na ander instellings binne die Solidariteit Beweging. Slegs 'n enkele personeellede het bedank. Solidariteit handhaaf steeds 'n lae personeelomset, maar ons skep steeds ruimte vir nuwe bloed in die organisasie deur nuwe poste te skep danksy goeie begroting- en kapasiteitbestuur. Daar was ook 14 personeellede met 5 jaar diens, 6 personeellede met 10 jaar diens en 5 personeellede met 15 jaar diens in 2017.



05

~ Johan Kruger ~

# 05
## Ontwikkeling

## Die geskiedenis leer ons 'n toekoms is altyd moontlik

Net soos Solidariteit sedert 1902 aan 'n toekoms bou waarin ons vry, veilig en voorspoedig kan wees, het ons ook in 2017 in ons 115de bestaansjaar steeds gebou aan die dinge wat vir ons belangrik is.

Ons het in 2017 voortgebou op goeie werk, opleiding, oppergesag van die reg, groeiende selfstandigheid, Afrikaans en die groter Solidariteit Beweging. Dit sou nie moontlik gewees het sonder bekwame personeel in besondere funksionerende afdelings nie. Hierdie personeel het verby Zuma en die huidige werklikheid 'n nuwe toekoms raakgesien.

Ek verwys graag na die volgende gebeure wat uitstaan:

- die Eskom-Molefe-hofsaak, die saak teen Hlaudi Motsoeneng en verskeie oorwinnings vir SAPD-lede in die arbeidshof;
- die Algemene Litigasie-afdeling wat 'n enorme bedrag van R41 148 145 se skikkings vir lede beding het en boonop aan meer as 23 000 lede regsadvies verskaf het deur telefoniese en elektroniese platforms;
- Solidariteit Wêreld kon een maand spog met 'n rekordgetal van meer as 400 000 unieke besoekers. Solidariteit het in die media koning gekraai met totale nuusdekking van meer as R216 miljoen.
- die gildes was in 2017 in die ontwikkelingfase en die nuwe Solidariteit Jeug-produk het die lig gesien; en
- 'n nuwe hoof is vir die Solidariteit Navorsingsinstituut aangestel en uit die staanspoor is die vakbond op politieke en ekonomiese gebied geposisioneer deur die uitreik van die Arbeidsmarkrapport en die verslag oor dubbele standaarde met rassisme.


# Arbeidshof-afdeling

*Deur Anton van der Bijl, afdelingshoof*

Die Arbeidshof-afdeling en die Sentrum vir Billike Arbeidspraktyke staan onder leiding van Anton van der Bijl as afdelingshoof. Die afdeling bestaan uit 12 baie bekwame personeellede en is oorhoofs verantwoordelik vir die bereiking van Solidariteit se strategiese doelwitte deur middel van gedingvoering in die arbeidshof en die administrasie van Regsdienste se Facebook- en webblad asook verskeie ander kleiner funksies. Die Sentrum fokus spesifiek op onbillike diskriminasie en swart ekonomiese bemagtiging.

Die Sentrum het ook goeie oorwinnings namens Solidariteit se lede behaal: Van Heerden en Louw teen die SAPD is geskik asook die IS van der Merwe-saak. Uiteraard is hierdie suksesse behaal met die hulp van elke personeellid van die afdeling. Daar kan ook spesifiek genoem word dat daar voldoende ondersteuning gegee is aan die bedrywe met die doel om die gemeenskaplike doelwit, naamlik effektiewe en uitnemende dienslewering, te bevorder. Kollektiewe gedingvoering is derhalwe as 'n span aangepak, en die afdelings en bedrywe het mekaar uitsonderlik goed aangevul.

**ARBEIDSHOF**
**JAAR TOT DATUM 2017: SKIKKINGS EN TOEKENNINGS**




| JAN | FEB | MRT | APR | MEI | JUN | JUL | AUG | SEP | OKT | NOV | DES |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 538 714 | 2 500 143 | 702 595 | 655 258 | 1 127 383 | 837 189 | 400 826 | 298 640 | 146 000 | - | 2 419 397 | 2 350 645 |

| | |
|---|---|
| **2017** | **R11 976 790,00** |

# Arbeidshof-afdeling

*Deur Anton van der Bijl, afdelingshoof*

## AKTIWITEITE - ARBEIDSHOF

JANUARIE 2017 – DESEMBER 2017

| | JAN | FEB | MRT | APR | MEI | JUN | JUL | AUG | SEP | OKT | NOV | DES | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vergader/ gekonsulteer | 40 | 54 | 69 | 47 | 37 | 49 | 43 | 47 | 50 | 46 | 32 | 21 | 535 |
| Hof geopponeer | 0 | 2 | 3 | 0 | 10 | 0 | 1 | 1 | 2 | 0 | 2 | 0 | 21 |
| Hof ongeopponeer | 2 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 3 | 1 | 0 | 0 | 0 | 11 |
| Ander, bv, arbs en kons | 2 | 4 | 3 | 1 | 1 | 3 | 1 | 3 | 2 | 7 | 4 | 1 | 32 |
| Voorverhoor / Verhoor | 0 | 3 | 1 | 1 | 2 | 9 | 0 | 3 | 1 | 2 | 1 | 2 | 25 |
| Opstel van hofstukke | 104 | 156 | 139 | 109 | 113 | 127 | 120 | 135 | 78 | 93 | 78 | 59 | 1 311 |
| Korrespondensie | 151 | 181 | 157 | 135 | 170 | 178 | 172 | 143 | 128 | 150 | 124 | 90 | 1 779 |
| TOTAAL | 299 | 401 | 372 | 293 | 333 | 366 | 341 | 335 | 262 | 298 | 241 | 173 | 3 714 |








# Algemene Litigasie

*Deur Gerhard Hildebrand, afdelingshoof*

Die afdeling Algemene Litigasie bied beide arbeidsregadvies en bystand aan al die lede van Solidariteit en verteenwoordig ook lede by kollektiewe bedrywe en het daarin geslaag om in 2017 uitmuntende resultate te lewer.

Dit is 'n voorreg om aan te kondig dat gedurende die jaar het die afdeling 'n totaal van 523 nuwe lêers geopen. 'n Totaal van 974 regsnavrae is hanteer. Lede is in 87 dissiplinêre verhore verteenwoordig asook in 383 konsiliasies en 385 arbitrasies. Lede is by 226 afleggingsvergaderings verteenwoordig en regsbeamptes het 1 738 konsultasies met lede gehad, teenoor die 1 674 van die vorige jaar.

## REGSAFDELING:SAKE - GEOPEN & GESLUIT 2017




| MAAND | JAN | FEB | MRT | APR | MEI | JUN | JULIE | AUG | SEP | OKT | NOV | DES |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| OPEN | 75 | 114 | 91 | 80 | 90 | 102 | 125 | 117 | 102 | 118 | 100 | 52 |
| GESLUIT | 51 | 35 | 87 | 44 | 55 | 59 | 66 | 33 | 69 | 51 | 51 | 30 |

**Open – 1166**

**Sluit - 631**

# Algemene Litigasie

*Deur Gerhard Hildebrand, afdelingshoof*


**Algemene Litigasie Afdeling - Skikkings 2017:**

Die afdeling het die afgelope jaar:

- 348 sake vir lede geskik waaronder:
  i. 19 geskik is op regsnavraag vlak
  ii. 53 Skikkings is suksesvol bereik tydens afleggingsvergaderings
  iii. 117 is op konsiliasie vlak bereik
  vi. 138 – is tydens arbitrasies bereik
  v. 17 – is tydens dissiplinêre verhore bereik

**Bevindings Toekennings – 2017 (Algemene litigasie afdeling)**

- Toekenning in ons guns = 91,7%
- Toekennings teen ons = 8,3%




**TOTALE KOMPENSASIE VIR LEDE BEDING 2017**

Die totale kompensasie wat die Regsafdeling vir lede beding het as volg:

| | |
|---|---|
| • Algemene Litigasie Afdeling | R41 148 185.00 |
| • Arbeidshof Afdeling | R11 976 790.00 |
| **TOTALE KOMPENSASIE** | **R53 124 975.00** |

# Kommunikasie

*Deur Juran vd Heever, afdelingshoof*

Die Kommunikasieafdeling se missie is om Solidariteit se reputasie tenh alle tye te beskerm en te bestuur. In sy strewe om gehoor te gee aan die missie het die Kommunikasieafdeling die vakbond in 2017 opnuut bygestaan om sy reputasie te bestuur. Die afdeling dra grootliks by om die naam, Solidariteit, te projekteer, te bou en te beskerm deur treffende ontwerpe, deursigtige en akkurate kommunikasie in die vorm van artikels en blogs op die webblad, nuusbriewe en die Solidariteit Tydskrif, die vestiging en instandhouding van 'n gebruikersvriendelike webwerf, interaksie en diens op sosiale media, die uitreiking van nuuswaardige mediaverklarings en skakeling met die media om ware nuus na buite te dra en ook deur die vervaardiging van gehaltevideo's en puik grafiese materiaal as deel van die taak om die missie gestand te doen.

**Publisiteit**

Nuusdekking van meer as

**R216 miljoen**

**163** verklarings

**1 000** artikels en

**100** blogs op die

Solidariteit Wêreld

**Die Solidariteit Wêreld**

**1 640 047 unieke besoekers** vir 2017

Rekordgetal- 414 000 in November

**14 000 1-minuut-aansluitings** het deur die Solidariteit Wêreld webblad

Meer as **1 000 artikels** is op die Solidariteit Wêreld gelaai.

**1 353 957 kyke van ons video's**

**Sosiale media**

Solidariteit se Facebook-blad het die jaar met **116 786 Facebook-volgers** begin en het dit afgesluit met 154 051 volgers. Die vakbond se Twitter-rekening het in Desember 2017 op **22 238 volgers** gestaan, teenoor die 19 450 aan die einde van 2016.

**Solidariteit Tydskrif**

Die gedrukte weergawe is aan **60 000** mense en die elektroniese weergawe aan **43 000 mense** versprei. Die reikwydte van die tydskrif is **309 000**.

**Nuusbrief**

Solidariteit se weeklikse elektroniese nuusbrief, **Soldeer**, is aan **49 000** lede versprei.

**Taaldienste**

Gesamentlik was hierdie span verantwoordelik vir die vertaling en versorging van meer as **2,9 miljoen woorde** in altesaam **5 656** dokumente.

# Bemarking

*Deur Erna Olivier, afdelingshoof*

Die bemarkingspan het heelparty hoogtepunte in 2017 beleef en dit was gevolglik 'n jaar waarop 'n mens beslis trots kan wees. Ná die suksesvolle #OnsBou-veldtog van 2016 het ons besluit om die gemeenskap in 2017 aan te moedig om betrokke te raak by ons bouwerk deur die #BouSaam-veldtog. Ook in 2017 het ons die boek, Vat jou goed en bou! Twintig jaar van Solidariteit, deur Flip Buys en Dirk Hermann, uitgegee. Die boek is by 'n spogge-leentheid bekendgestel waar talle mense ook vereer is vir hul bydrae tot die opbou van die Afrikaanse gemeenskap.

Gedurende die afgelope jaar is baie klem gelê op selektiewe rassisme in Suid-Afrika. Ons massaklag in dié verband en waardeur ons die parlement gepetisioneer het, is deur 170 000 mense gesteun. Die klag is ook by die Menseregtekommissie, die Internasionale Arbeidsorganisasie in Genève en by die Verenigde Nasies se komitee vir die uitwissing van alle rassediskriminasie ingedien.

Wat die Regsfonds betref, het ons nuwe hoogtes bereik en ons Regsfondslede het in net een jaar verdubbel. Hierdie lede dra by tot 'n fonds wat ons aanwend om regstellende aksie te beveg.

Die jaar is op 'n hoë noot afgesluit toe Solidariteit sy veldtog #VirSkole geloods het. Die veldtog is van stapel gestuur na aanleiding van die voorgestelde Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys. Die veldtog het ongekende steun geniet en duisende ouers het daaraan deelgeneem om hul misnoeë teen die Wysigingswetsontwerp uit te spreek.



# Solidariteit Navorsingsinstituut

*Deur Connie Mulder, afdelingshoof*

Die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI) het in 2017 van krag tot krag gegaan. Ná kwaai uitdagings wat personeeltekorte in 2016 aanbetref, het die SNI sy kapasiteit in 2017 aangevul en kon hy weer volstoom met sy werk voortgaan.

Die ondersteuningsrol wat die SNI binne Solidariteit speel, was soos altyd kernbelangrik. Ondersteuning word aan individue binne die bedrywe gegee wat die vertolking van dokumente asook die interpretasie van finansiële state betref. Tesame met die spesifieke ondersteuning word 'n breër oorsig oor die arbeidsmark daargestel deur die kwartaallikse Arbeidsmarkverslag. Dit stel ons onderhandelaars in staat om 'n geheelprent van die spesifieke maatskappy, maar ook van die breër ekonomie, by die onderhandelingstafel te handhaaf.

As voorhoede in die stryd om idees het die SNI verskeie rubrieke en meningstukke op interne asook eksterne platforms gepubliseer. Ten einde meer ruimte vir Solidariteit se idees in die groter Suid-Afrikaanse diskoers te skep, is dit kritiek dat ons idees goed en oortuigend gekommunikeer word.

Oorsigtelik kan die afgelope jaar se uitsette soos volg voorgestel word:

| GEREELDE VERSLAE | VERSLAE 2017 | SPESIALE PROJEKTE |
|---|---|---|
| Jaarlikse Bankkosteverslag | Navorsingsverslae vir bedrywe oor maatskappye | Demografie projek |
| Kwartaallikse Arbeidsmarkverslag | Finansiële ontledings | Denkraam-videoreeks |








# 06

~ Dawid Durie ~

# 06
## Operasionele Dienste


• IT, Dienskantore en Ledeadministrasie val onder Operasionele Dienste.
• Operasionele Dienste se belangrikste rol is om infrastruktuur te skep, tegniese sekerheid te verseker, operasionele kapasiteit deur dienskantore daar te stel asook die volledige hantering van lidmaatskap.

### 1. Inligtingtegnologie (IT)

- In 2017 is 'n bloudruk vir die inligtingstegnologiestrategie binne die Cobitt 5-model geïmplementeer om
  - fisiese sekerheid vir personeel en die organisasie se inligting daar te stel; en
  - netwerksekerheidsbeskerming teen kuberkrakers op alle vlakke in te stel.

### 2. Ledeadministrasie

- Maatskappy-administrasie het gedurende 2017 weereens 'n 100%-sukseskoers behaal wat invordering betref.
- Lidmaatskap-administrasie het 48 167 nuwe aansoeke gelaai en het 24 795 nuwe ledekaarte uitgereik – 12,4% meer as gedurende 2016.
- Die lidmaatskap-eiseafdeling het 1 014 sterftes hanteer en R2 798 184,52 is aan die kontantvoordeel uitbetaal. 'n Bedrag van R5 263 496,81 is vir begrafnisdienste uitbetaal.
- Twee slimfoontoepassings vir lede en organiseerders is suksesvol geloods.
- Die vakbond se totale ledetal het met 10% gegroei, wat hoër is as enige ander vakbond se groei in die land. Die vakbond handhaaf 'n konstante netto groei van 0,8% per maand.


VEILIG
VRY
SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

# Administrasie fokus op operasionele doeltreffendheid en nog beter ledediens

*Deur Jaco de Lange, afdelingshoof*


Met die talle uitdagings binne die arbeidsomgewing asook met die land se ekonomie, was ons genoodsaak om in 2017 anders na ledediens te kyk. Talle veranderinge is ingebring en inisiatiewe is geloods om by te dra tot die ledediens, ledegroei en ledebehoud van die vakbond.

**Lede administrasie**

- Daar is altesaam 980 852 teksboodskappe met belangrike inligting aan ons lede gestuur, 45% meer as in 2016.


**Eise-afdeling**


- 1 014 eise vir sterftevoordele is hanteer en ons het 5% meer aan sterftevoordele in 2017 aan ons lede uitbetaal as in 2016.
- 252 bevallingseise ter waarde van R363 883 is hanteer.
- 22 permanente mediese ongeskiktheidseise ter waarde van R35 439 is hanteer.
- Die totale bedrag wat aan ons voordeel-eise uitbetaal is, is R8 461 003,33.



# Administrasie fokus op operasionele doeltreffendheid en nog beter ledediens

*Deur Jaco de Lange, afdelingshoof*












~ Kallie Kriel ~

# 07 AfriForum

Afriforum het in 2017 groot mylpale en suksesse op internasionale, nasionale en plaaslike regeringsvlak behaal, en ook die 200 000-ledemylpaal verbygesteek.

**Gemeenskapsveiligheid**

Die vestiging van 'n sterk netwerk van gemeenskapsveiligheidstrukture is en bly ’n kernfokus van AfriForum. Die aantal goed funksionerende buurtwagte wat AfriForum reeds tot stand gebring het, het in 2017 die 100-kerf verbygesteek. 'n Nasionale beheerkamer is tot stand gebring en 'n landswye kommunikasienetwerk is gevestig.

**Privaat vervolging en korrupsie**

AfriForum het in 2017 ’n privaatvervolgingseenheid onder leiding van adv. Gerrie Nel tot stand gebring. Tientalle sake is reeds ondersoek.

**Plaaslike takke**

AfriForum se takstrukture in plaaslike gemeenskappe is gedurende 2017 verder versterk. Die takke in sowat 100 dorpe/stede het ’n reeks suksesse behaal en ’n groot rol gespeel om probleme in hul onderskeie gebiede te identifiseer en te help oplos deur munisipaliteite vir hul aksies aanspreeklik te hou.

**Internasionaal**

’n Voorlegging oor die miskenning van Afrikaans is by die Verenigde Nasies (VN) se Forum vir Minderheidsaangeleenthede gelewer, terwyl vergaderings ook met verskeie rolspelers in Europa gehou is.

## Afrikaans en onderwys


Tientalle projekte met die fokus op onderwys, taal en kultuur is aangepak.

## Jeug

AfriForum Jeug het in die afgelope jaar, benewens die organisasie se strukture by voormalige Afrikaanse universiteite, ook jeugstrukture in meer as 70 dorpe landswyd tot stand gebring.

## Kommunikasie

Die organisasie is in 2017 verder gevestig as 'n sterk nasionale rolspeler, wat bevestig word deur die feit dat AfriForum se aksies meer as 20 000 keer in die media verskyn het.





# 08

~ Danie Brink ~

# 08

## Solidariteit Helpende Hand

In 2017 het die Studiefondssentrum (SFS) 'n totaal van 1 498 studente se studies met R34 miljoen vanuit 173 verskillende studiefondse moontlik gemaak. Ongeveer 73% van alle aansoeke vir studielenings was vir universiteitstudie, terwyl 27% van die aansoeke vir beroepsgedrewe opleiding was.

Skoleondersteuningsentrum (SOS): Op die terrein van voortgesette opleiding vir onderwysers is daar gefokus op opleiding in Wiskunde, Afrikaans Huistaal, Grondslagfase, Rekeningkunde en Wetenskap, asook generiese opvoedkundige opleiding in tegnologie, breinprofiele en leierskap. Die nuutste kennis in hierdie vakgebiede is deur die SOS se vakverenigings aan 1 507 onderwysers voorsien.

Sowat 4 600 graadeens is in 2017 van 'n splinternuwe skooltassie met die nodige skryfbehoeftes voorsien om 'n gelyke kans in die lewe te ontvang en danksy die Kosblikkieprojek is 5 200 kleuters by skole gevoed.

Die Gemeenskapsontwikkelingsafdeling bestuur tans 166 takke landwyd. Hierdie takke het 1 278 projekte ter waarde van R5 926 530 in hul gemeenskappe uitgevoer. Wat werkskepping betref, was Gemeenskapsontwikkeling verantwoordelik vir 142 werkskeppingsprojekte vir permanente, kontrak- en stukwerk, wat 'n totale inkomste van R662 530 vir die begunstigdes ingevorder het. Die afdeling dra ook tot die SFS se fondse by deur 116 studiefondse met 'n gesamentlike waarde van R4 913 735 te voed. Helpende Hand bedryf ook 32 skenkingskantore landwyd waar die publiek skenkings kan maak.









~ Susan Lombaard ~

# 09
## Maroela Media

### Hoogtepunte vir 2017

Maroela Media is amptelik die grootste gratis Afrikaanse nuuswebwerf. Gedurende 2017 is die 1,6 miljoen uniekebesoekerskerf bereik met gemiddelde besoeke van 5,3 miljoen per maand. Die totale hoeveelheid bladsyvertonings vir 2017 was 'n enorme 169 236 472.

As daar na die gemiddelde besoekers vir 2017 gekyk word, het Maroela 1,4 miljoen teenoor Newerk24 se 1,3 miljoen. Maroela het ook teen die ranglys opgeklim as die sewende grootste nuuswebwerf in Suid-Afrika.




*Let wel: Die webtuiste News24.com het 'n gemiddelde bladsyvertoning van 79 miljoen.*

Gedurende 2017 is daar altesaam 14 628 artikels op Maroela gepubliseer, 'n gemiddeld van 40 artikels per dag.

Terugvoer van lesers het toenemend gewys dat hul Maroela nie meer primêr kies omdat dit gratis is nie, maar eerder omdat hulle Maroela kan vertrou, hulle tuis voel, en dat die nuus gebalanseerd en betroubaar is.

## Wat doen Maroela Media vir Afrikaans?

### Gemeenskapsradiostasies

In 2017 is 56 gemeenskapsradiostasies met 'n totale luisteraarstal van 1,5 miljoen op verskeie vlakke bedien, van opleiding tot daaglikse programinhoud.

'n Ander hoogtepunt was weereens die gemeenskapsradiostasieseminaar.

### Buitebioskoop

Die Buitebioskoop is gedurende 2017 vir die derde keer in die Botaniese Tuin aangebied waar 1 200 persone in Afrikaans saam kon kuier en fliek.

### Afrikaans op Wikipedia

Daar is reeds 48 988 Afrikaanse artikels beskikbaar.

### Matriekuitslae en toppresteerders

Maroela het in 2014 'n stelsel ontwikkel om die uitslae vir matrikulante aanlyn beskikbaar te stel.


10
~ Tjaart vd Westhuizen ~


# 10 Solidariteit Finansiële Dienste

Solidariteit Finansiële Dienste (SFD) is 'n geregistreerde finansiëledienstemaatskappy. Die maatskappy verskaf finansiële produkte en dienste aan die Solidariteit Beweging deur massabemarking vanuit dienssentrums, asook 'n persoonlike adviesdiens.

SFD se resultate vir die 2017 finansiële jaar toon 'n toename in die maatskappy se jaar-tot-jaar-omset van 15 %. Die wins uit normale bedrywighede het vir dieselfde periode met 33% toegeneem. Die grootste bydraende faktore was die toename in omset met 'n laer toename in die verhouding tot uitgawes. Van die uitgawebesparings was eenmalig en ons verwag dat die uitgawes in 2018 sal normaliseer en dat die verhouding tussen die toename in omset en wins kleiner sal wees. Winste wat SFD genereer, word produktief aangewend om die inisiatiewe van die Solidariteit Beweging te ondersteun en te help bou.

Die korttermynversekeringskema lewer die grootste bydrae tot die goeie resultate wat SFD bereik het. Die skema verskaf persoonlikelynversekering aan lede van die Solidariteit Beweging. Gedurende 2017 was daar vir die eerste keer meer as 14 000 aktiewe polisse in die skema.






# Solidariteit Beleggingsmaatskappy

*Deur Henk Schalekamp (Voorsitter)*

Solidariteit Beleggingsmaatskappy (SBM) is die houermaatskappy van die Beweging se besighede.

Talle nuwe hoogtepunte is gedurende 2017 bereik.

Die bruto omset van die SBM-groep van maatskappye het in 2017 met 19% tot R94,7 miljoen toegeneem. Die grootste bydraende faktore sluit in die goeie jaar-tot-jaar-groei in studentegetalle by Akademia en Sol-Tech, en goeie groei wat by Solidariteit Finansiële Dienste gerealiseer het. Die bruto waarde van die bates wat in die SBM-groep bestuur word, het in 2017 met 26,5% tot R267,5 miljoen toegeneem.














~ Marthinus Visser ~

# 11 Akademia

Akademia het voorwaar 'n suksesvolle akademiese jaar beleef. Ten opsigte van die uitrol van nuwe sentrums asook die ontwikkeling van nuwe programme het ons al ons strategiese doelwitte bereik. Een van die grootste mylpale wat bereik is, was in Mei 2017 toe Akademia volledig as hoëronderwysinstelling deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHET) geregistreer is.

**1. Programaanbod**

In 2017 is die volgende programme aangebied:

1.1. Hoër Sertifikate
- Kantooradministrasie
- Rekeningkunde

1.2. Grade
- BCom Ondernemingsbestuur
- BCom Bestuursrekeningkunde
- BCom Ekonomie & Regte
- BCom Finansiële Beplanning

1.3. Nagraads
- Nagraadse Diploma in Projekbestuur

**2. Nuwe kwalifikasies**

Die volgende kwalifikasies is reeds ontwikkel en vir akkreditasie ingedien:

2.1. Hoër Sertifikate
- Bestuursrekeningkunde

2.2. Grade
- BCom Wiskunde
- BCom Rekeningkunde
- LLB
- BSocSci PPE
- Verpleegkunde

2.3. Nagraads
- Nagraadse Diploma in Belasting
- Nagraadse Diploma in Toegepaste Ekonomie
- Nagraadse Diploma in Bestuursrekeningkunde

3. Akademia het 740 ingeskrewe studente in 2017 gehad.

4. Altesaam 71 vakke is aangebied en 3 098 eindeksamenvraestelle is geskryf waarin 490 onderskeidings behaal is.

5. Van hierdie 740 studente werk ongeveer 60% voltyds en 17% deeltyds.

6. 131 studente het in 2017 hul studie suksesvol voltooi.

7. Akademiese personeel het tydens 2017 vyf kongresse en drie opleidingsgeleenthede oor personeelontwikkeling bygewoon.










12


~ Paul van Deventer ~

# 12
## Sol-Tech


- Sol-Tech het sy 10-jarige bestaan in 2017 gevier en het gegroei tot 'n opleidinginstelling wat jongmense in sewe ambagsrigtings oplei.

- Die oorskakeling van 'n tegniese kollege na 'n instelling wat volwaardige beroepsopleiding ook in nietegniese rigtings bied, het in 2017 begin.


- Die 2017-kliëntedienstevredenheidsmeting van 'n 90,27% gemiddeld toon dat studente baie tevrede is.




- Sol-Tech se fokus op gehalte-onderrig en -opleiding dra by tot ons studente se sukses en die indrukwekkende statistiek oor ons afgestudeerde studente. Ons doelwit was nog altyd om jongmense indiensneembaar te maak en navorsing wys dat ons daarin slaag.




*94,7% van Sol-Tech se oudstudente het werk*




*Aard van oudstudente se werk*




*Tydperk wat dit oudstudente geneem het om werk te kry*

- In 2017 het Sol-Tech R3 307 101 aan nuwe toerusting spandeer waarvan R2 300 000 deur die Solidariteit Boufonds gefinansier is.


- Siemens het toerusting ter waarde van nog R250 000 geskenk en die AJ de Kock Trust het R130 000 vir die aankoop van spesialistoerusting geskenk.

- Aangesien veiligheid hoë prioriteit geniet, het geen ernstige beserings of ongevalle in 2017 voorgekom nie.












~ Alana Bailey ~

# 13
## Kraal Uitgewers (Edms) Bpk

In 2017 het Kraal Uitgewers twee uitnemende publikasies die lig laat sien.

- *Kultuurvryheid en selfbestuur: Keuses van klein groepe wêreldwyd* is op 2 Maart 2017 in Pretoria en 7 Maart 2017 in Stellenbosch bekendgestel.
- *Vat jou goed en bou! Twintig jaar van Solidariteit* uit die pen van mnr. Flip Buys en dr. Dirk Hermann is op 9 November 2017 in die Atterbury Teater bekendgestel.

'n Besondere hoogtepunt in 2017 was dat die Jan H. Marais-prys aan prof. J.C. Steyn toegeken is – onder meer vir sy Kraal-publikasie, Kraal gaan 'n taal maak. Hierdie prys is tans die grootste bestaande toekenning vir oorspronklike Afrikaanse navorsing.

Om Kraal se voetspoor suidwaarts uit te brei, is vir die eerste keer aan die Woordfees in Stellenbosch deelgeneem. Kraal het drie boekbesprekings by dié fees aangebied.

Kraal se wenspan is aangevul met die aanstelling van 'n voltydse taalpraktisyn, Karin Heydenrych. Sy is 'n reuse-aanwins vir die uitgewery. Ons is ook besonder trots op Ilze Nieuwoudt en Hannelie du Preez wat Akademia se jaarkursus in Projekbestuur met sukses voltooi het.






Die publikasie se buiteblad




~ Danie Langner ~

# 14
## FAK

### FAK Sangbundel

In 2017 is die FAK Sangbundel se 80ste bestaansjaar gevier. Die FAK Sangbundel Vol. 2 se herdruk is suksesvol afgehandel en die bundel is weer op winkelrakke beskikbaar.

### Internasionale Afrikaans-ekspo

Hierdie opwindende skryfkompetisie is in 2017 vir die vyfde keer deur die FAK aangebied. Die tema was protes en sowat 1 000 inskrywings is van skoliere in gr 6 – 12 asook van studente ontvang.

### Sing in Harmonie

Hierdie bekende koorkompetisie is reeds vir die vyfde jaar aangebied en het vir 130 skole regoor Suid-Afrika die geleentheid geskep om hul talente ten toon te stel. Deelname is verfilm en in 40 episodes op Kyknet Nou uitgesaai.

### CR Swart

Die FAK het die Voortrekkers bygestaan om die CR Swart-standbeeld vanaf die Universiteit van die Vrystaat na Doornkloof Voortrekkerplaas te skuif. Die standbeeld is heropgerig en op 2 April 2017 onthul.

### Kransleggings

Die FAK was in 2017 weer teenwoordig om kranse te lê by Vegkopmonument, Majuba, Irene-konsentrasiekamp, die SAW se jaarlikse gedenkdiens vir afgestorwe soldate, asook tydens 'n gedenkdiens aangebied deur die Portugese Forum ter nagedagtenis aan die Portugese landsburgers wat sedert 1994 weens geweld in Suid-Afrika oorlede is.